

Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 19 Feb 2018
Page: 16

AVE: 46539.68
Circulation: 35934
Part: 1 of 1

VARSITYBEKER-REEKS

# Maties kan voorsprong rek; Wits wil vergoed

## Shimlas én Ixias ruk op Kaap toe

**Owen Kock**

Die Maties sal hul onoorwonne status in vanjaar se Varsitybeker-reeks wil behou, terwyl twee Vrystaatse rugbyspanne, die Shimlas en Ixias, opruk Kaap toe ná hulle eerste tuisoorwinnings in die reeks.

Dit is seker wensdenkery dat die Ixias die Maties vanaand in hulle spore sal stuit in die Danie Craven-stadion in Stellenbosch, maar groter opskuddings is al op 'n rugbyveld gesien.

Die Maties sal nietemin die oorweldigende gunstelinge wees om hul oorheersing voort te sit wanneer hulle tuis teen die Sentrale Universiteit van Tegnologie te staan kom.

Die Ixias is darem gewapen met 'n bietjie selfvertroue ná hul naelskraapse oorwinning van 38-37 oor die Madibaz. Hulle het verlede jaar ná aan 'n oorwinning oor die Shimlas gekom, maar dit is moontlik te veel gevra om die Maties tuis te troef.

Die Maroen Masjien se houvas op vanjaar se reeks het gelyk of dit verlede week in die Danie Craven-stadion teen Tukkies sou eindig, maar die Stellenbossers het daarin geslaag om met 24-16 te wen.

Ixias se breier, Tiaan Liebenberg, sê hy weet daar lê vir hulle 'n opdraande stryd voor.

"Die Maties is ongelooflik as dit kom by teenaanvalle en baie sterk in die vaste fasette. Hul agttal is 40 kg swaarder as ons s'n. Maar rugby is 'n snaakse spel, dit gaan nié oor grootte nie, maar oor durf en moed. Daar's nie baie swakhede in daai span nie," sê Liebenberg.

■ In Kaapstad kom die Ikeys teen die ander Bloemfonteinse span, die Shimlas te staan.

Dié spanne is derde en vierde onderskeidelik ná drie wedstryde. Die weer en oppervlak van die Groen Myl gaan 'n deurslaggewende rol speel.

Ikeys se kaptein, Joshua Moon, sê verlede week se oorwinning oor die Pukke was goed vir sy span se selfvertroue.

"Nóg 'n hekkie wag op ons en wat verby is, is verby. Maar ons het nog 'n oorwinning in ons visier," sê Moon.




**Wits se besielende kaptein en en flank, Constant Beckerling, sal sy span vanaand teen die Madibaz weer op die wenpad wil kry.** Foto: GALLO IMAGES

■ Wits sal besielende kaptein en flank, Constant Beckerling, is terug van 'n besering en sy span sal wil vergoed vir die nederlaag teen die Shimlas in hulle wedstryd teen die Madibaz in die Baai.

Die Madibaz se afrigter, David Maidza, glo sy span sal in die regte veldposisies móét speel.

"Op die verdediging was ons nie té swak in die laaste twee wedstryde nie. Maar ons het ons rugby in die verkeerde plekke gespeel en strafskoppe afgestaan. Ons het die meeste van ons drieë afgestaan wanneer die teenstanders strafskoppe gekry, hoek toe geskop en van dryfmaalbewegings afgaan druk het," sê Maidza.

Wits se afrigter, Hugo van As, sê die nederlaag teen die Shimlas was teleurstellend.

"Dit was ons eerste nederlaag van 2018 en die span het nie motivering nodig nie," sê Van As.

■ In Potchefstroom is min te kies tussen die Pukke en die Universiteit van Johannesburg, wat onderskeidelik die vyfde en sesde plekke op die puntelys beklee.

Jonathan Mokuena, die Pukke se afrigter, sê UJ het as oorwinnaars van die veld gestap die laaste keer dat die spanne in die Fanie du Toit-stadion gespeel het.

"Hulle sal glo dat hulle ons wéér hier kan klop. Ek dink my span is op die regte pad en dit behoort 'n goeie 80 minute te wees," sê hy.

■ **Program: 16:45:** Madibaz t. Wits (SS 1); **18:30:** Maties t. Ixias; **18:30:** Ikeys t. Shimlas; **19:00:** Pukke t. UJ (SS 1).

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.